


Dries, Ilse, Jana & Cordre van Jaarsveldt

2012 :2 PO Box HA 70 HAK; Maun; Botswana 333diam@gmail.com Sel: +267 73815279



Goeie dag vriende,

Ons besef al hoe meer dat Christenskap nie net 'n "godsdienst" is wat mense aanneem nie maar eerder 'n verhouding met die lewende God. Die fondasie van enige gesonde verhouding is kommunikasie. Hoe beter die kommunikasie is hoe beter sal die verhouding wees. God praat met ons op verskillende maniere, maar primer deur Sy Woord. Ons praat met Hom deur gebed en ons leer om te luister na Sy stem in ons lewens wanneer ons Sy Woord lees, Hy luister na ons wanneer ons bid. Ons reageer op Sy Woord deur gehoorsame aksies, Hy reageer op ons gebede deur aksies van seëninge volgens Sy wil.

Handelinge 2:42: "En hulle het volhard in die leer van die apostels en

in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede." Koester jou verhouding met God, dit is spesiaal en kosbaar maar moet onderhou word. Hoe meer ons die Bybel lees, hoor en doen, hoe meer sal ons geloof ook groei.

Het jy opgemerk... Johannes 3:16

Die linkerkantste hartjie bo-aan die nuusbrieff is tussen 'n kameelperd se kolle (reg in die middel van die foto) opgemerk, 'n tapperie van God se liefde in hierdie langnek se vel in gewerk.

Die regterkantste hartjie is 'n tamatie wat in die Mahopa "Garden of Hope" groentetuin gepluk is. God wil nie net mense se fisiese honger stil nie, maar ook ons geestelike honger na Hom.




Ons gesin

Ons hartsbegeerte is om Hom alleen te dien en gehoorsaam te reageer op Sy stem. Om die Herder se stem te hoor moet ons Sy stem ken en herken.

Komende uit 'n geletterde en sosiale kultuur kon ons deur Sy genade betyds 'n leemte identifiseer. My (Dries) fokus was te veel op die bediening – ons weet wat daar van “te” gesê word. Al was ons die meeste van die tyd bymekaar is dit moeilik om jou dit in te dink dat ons tog in 'n sekere sin vervreemd geraak het van mekaar. Gesinstyd, afskakel, boek lees en selfs stiltetyd is later afgeskeep. Ons wys nie vinger nie maar die boesmans (ek het dit toegelaat) tap totdat daar nie meer is nie. Ek reken dat trots verhoed het dat ek dit nie heeltemal besef het nie maar vriende het dit ook opgemerk. Vol waardering vir die toewyding aan die bediening en ons liefde vir die mense was die aanbeveling duidelik dat ons introspeksie moes toepas. Net tot eer van Sy Koningryk.

'n Paar groot besluite het op die tafel beland. Dadelik het dit gevoel ons is in 'n storm en ons kan nie buite die hier en die nou dink of sien



nie. Uit ondervinding het ek besef dat ons die soeke na antwoorde nie moet rypdruk nie – dis dan wanneer ons ons eie planne maak. Kort voor lank het die keuses en oplossings begin vorm aanneem.

Ons kon die Mathlapana Sendinghuis (10km vanaf Maun) bekom as woning. Koördineering van die Noord Weste is nou baie meer lewensvatbaar. Sosiale interaksie vir ons sowel as die kinders is sooo kosbaar. Hoe ons as ouers optree en situasies hanteer spoel na die kinders en anders as 'n jaar gelede is daar weer 'n huppel in ons stap en kry ons op die ou end meer gedoen. Ons gesin struktuur is meer gebalanseerd en die kinders floreer.



Mahopa dien nou as basis vir die werk in Ngamiland 3 en 4. Die leiers en jong gelowiges word nou begelei in die proses van eienaarskap en selfstandig wording. Opsigself 'n tydsame proses en in Sy hande. Natuurlik ook baie belangrik dat mense onafhanklik van ons moet kan funksioneer. Die gerief van selfone maak kommunikasie moontlik tussen ons en die onderskeie leiers by die kerkies asook die projekte. Die meeste het gesonde begrip vir die skuif na Mathlapana.



Ons bushmail epos adres is nog aktief maar het sedert die einde van verlede jaar baie probleme. Gebruik asseblief deurgaans die 333diam@gmail.com adres. Ilse benut die toegang tot internet en deel kortliks op die sosiale netwerk Facebook. Ons beoog om ook 'n “blog” te open. Dis pogings om belangstellendes op hoogte van sake te hou en ja daar gaan ons seker alweer.... Balans !!

PROJEKTE

* Water by Labala:

Labala se boorgat, solar pomp, watertoring, tenk, olifant muur en proef groentetuintjie is in. Die gemeenskap het hand bygesit met die oprigting van die olifant klipmuur. Dit is verblydend om te sien hoe die beskikbaarheid van water alreeds hulle lewensomstandighede positief verander het. Die moraal is ook merkbaar beter.

* Farming God's Way

Hierdie metode het bewys dat graan suksesvol verbou kan word – selfs in hierdie sandgrond. Tydsberekening (reën), goeie saad, harde werk en die toepassing van Bybelse beginsels is noodsaaklik vir 'n oes.

* Goodnews Clubs

Kinders is soms 'n wonderlike gehoor. Laat hulle deelneem dan kry jy 'n sirkus. Baie lag, lekker speel en bybelverse opsê is groot pret. Ons vertrou Vader vir die nodige hulpbronne sodat Qangwa en Xai Xai clubs kan voortgaan.

Farming God's Way... geskatte 2,5 – 3ton / ha !!





VIGS / TB

Soos met die ander twee "Tuine van Hoop" beloof hierdie primitiewe tuin op Labala, om vars groente aan pasiente te verskaf sodat hul medikasie meer doeltreffend kan wees.



Albei hierdie seuns is weeskinders en oorspronklik in 2000 van Namibia. Xhao (19) het op 15 skool verlaat en kom help by die "Gardens of Hope". Op 'n dag het ons vasgedraai en gevra of hy nie gou wil help nie. Dadelik het ons besef dat Xhao mooi raakvat. Hy beskik oor 'n leerbare gees en het 'n mooi persoonlikheid. Hy kon sy Botswana ID bekom en spaar nou vir 'n paspoort om die eerste keer in 12 jaar sy familie in Namibia te besoek.



Xaashe (17). Beide sy ouers is onlangs in Namibia oorlede. Hartseer dat hy hulle 11jaar laas gesien het en ook nie by hul begrafnis kon wees nie. Ons kan ongelukkig nie almal inneem nie maar vir hierdie twee probeer ons 'n geleentheid skep om iets te verdien en menswaardigheid te bevorder. Hulle bly by ons en help met wat ookal die dag oplewer. Wedersyds geniet hulle en ons kinders mekaar ook baie. Dis heerlik om te sien hoe hulle selfvertroue groei asook hoe die pad van dissipelmaking vir hulle belangrik is. Stadig maar seker !!



Die tendens deesdae is dat die liggaam van Christus al meer 'n uitwaartse sending visie ontwikkel. Die blootstelling aan nabye sowel as verre sendingvelde se verlorenheid sonder Jesus het die liggaam tot die besef gebring dat ons eie "warmbroei gerief" minder gewig dra as die feit dat soveel siele nie van Jesus weet nie.

Ons poog dus om vir ons mense van die begin af die tipe blootstelling te gee wat hulle harte sal voorberei vir 'n uitwaartse sending visie. Dit vra dat ons die spreekwoordelike ekstra myl stap maar die poging om hulle op watter uittrek ookal te neem bly die moeite werd.



Bo – Boesmans wat besig is om veldkos te soek.

Links – Die sap van 'n veldknol word druppel vir druppel uitgedruk sodat hy sy dors in die warm son kan les.

Regs – Kinders wat wil bad noudat hulle water by Labala het. Baie dankbaar ...



Met passie en ywer... Robertson-Oos besoek

As die Bruwers en die van der Merwes voor jou 'n rigting op 'n grondpad inslaan dan maak jy seker jou GPS werk en jou laaste aand se potbrood (eintlik vir hulle padkos) ook as noodwiel kan dien want "stadig stadig oor die klippertjies" is minder bekend in die Boland... Maar met diensbare harte en gewillige hande moes ons op Mahopa kom om elke minuut sinvol te kon benut (en daar was toe hurksit-tye by die vuur ook).

In Maun omgewing is Karin se wens vervul met 'n bootrit op die Thamalakane en Boro rivier, beide areas waar ons Vader vertrou vir oop deure na die Bajehi gemeenskappies. Hulle is net per boot bereikbaar en het min blootstelling aan die Woord.

Op Mahopa het ons tot laat voorbereidings gedoen vir die volgende dag se baie sinvolle en suksesvolle installasie van nuwe sonpanele asook die diens van die solar pomp by //ari!nagho. 'n Sindikaat het twee nedersettings se solar panele gesteel. Nuwe panele is geskenk en dankbaar was ons toe "vaardigheid en behulpsaamheid" in "hoofletters" van die Boland af arriveer.

Die span het ook die "Garden of Hope" in Qangwa besoek wat hulle in 2010 met die jong mense van Robertson kom oprig het. Russian en Boo sit baie in en ons bid seën en 'n goeie oes vir hulle toe.

Klerasie, liefde, beskuit, liefde, vrugte, liefde, geskenke ens o ja en het ek al gesê baie liefde het saam met die Bolanders gekom. Baie dankie vir die besoek en belangstelling – tot oom Kobus hou nou van die "jong mense" se sterk koffie.



Dankie Vader ...

- vir die pad vorentoe, die hoe, waar en wanneer.
- Die geleentheid om in Xhao en Xaashe se leergierige harte te belê
- Jana se eerste kwartaal rapport is baie positief. Cordre gesond en oulik...
- Dries het herstel na 'n maand se slegte brongitis
- Willem het TB opgedoen. Hy het vroegtydig behandeling ontvang en met genoeg groente uit die Mahopa tuin is dit byna iets van die verlede. Dankie !!
- 4 Dopelinge by Qangwa Village

Gebedsversoeke ...

- Balans, gesinstruktuur, ontspanning, stilte tyd, prioriteite
- Guns – oop deure in die Boro gemeenskappe / gebied
- Russian by Qangwa se trouplanne asook sy bediening saam met Boo
- Dissipelskap proses met Qangwa se jong gelowiges
- Gewillige Harte en EN uitreike – veilige reise en binne God se wil beweeg
- Jaar vergadering en opleidings week in Mathlapana - Maun
- Gebroke gesinne, jaloesie, verslawing in Maun gemeenskap
- Xai Xai se sending paar Zethro en Grace – hul begin twyfel in hul roeping na twee jaar se geseënde diens in 'n moeilike area en afgesonderde omstandighede.

Botswana-groete:

Dries, Ilse, Jana en Cordre van Jaarsveldt